PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

Rom 12:2

8 Julie 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 OGGENDDIENS

Jonker Venter

Skrifgedeeltes: *Johannes 14:1-11*

Fokusvers*: Johannes 14:6-7*

Tema: *Christus is die enigste weg tot die Vader; wie Hom ken leef getroos met die ware lewe by God!*

18:30 AANDDIENS

Ruan Steyn

Skrifgedeelte: *Matteus 6:25-34*

Heidelbergse Katigismus Sondag 50

Tema: *Die Here versorg kinders met alles wat nodig is - Erken dat Hy die Bron van goed is!*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

GKSA BEROEPENUUS VIR SONDAG 8JULIE 2018

BEROEPE AANVAAR
• Proponent PW Smit (Wouter) na Vereeniging.

BEROEPE BEDANK
• Ds MH le Roux (Marco) van Newcastle na Kemptonpark.

LESOTHO UITREIK

Ons beplan weer 'n uitreik na Lesotho - na die St James Mission en die plaaslike dorpie en skole.
Ons neem Bybels en ander boeke saam. Ons doen Bybelstudie waar ons kan en deel ook ander klere uit.
Ons wil graag nie-bederfbare kosse (meel, blikkies, ens) saamvat wat vir die skool se spens gegee word, waarmee hulle op die langer termyn 'n
voedingskema aan die gang kan hou.
Daar is houers in die voorportale van die kerk waarin goedere geplaas kan word.

Navrae: Lenie Venter 083 457 8861 of
Dr. Krüger 082 459 5636

OUDERLING DIENSBEURTE	
8 Julie	Johan Pretorius
15 Julie	Erika Buma

GEMEENTE - NUUS:

Ons doen voorbidding vir:

- ♦ Thea van Wyk is opgeneem in die hospitaal en ontvang behandeling vir depressie
- * Dr. Braam Kruger is met verlof tot 22 Julie 2018. Ons bid hom en Donsie 'n welverdiende rustydperk toe.
- * Skakel asb. die kerkkantoor op 011 849 2054 of vir Ina Bolt op 084 339 1136 vir navrae, om afsprake met die predikant te maak, of ander kerksake sodat dit na die regte persone gekanaliseer kan word.
- * 'n Gemeentevergadering vind DV 22 Julie plaas waartydens belangrike sake rondom gemeentesake bespreek sal word.

Liewe Vriende

Spreuke 11:25 "*Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê. Wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is."*

Namens ons vennote in Jordanië, More International, wil ons elkeen van julle bedank vir julle gebede en finasiële ondersteuning tydens ons vrouebedieningsreis na die Midde-Ooste. Ons was bevoorreg om van die kospakkies wat julle geborg het, self vir Irakese en Siriese vlugtelinge af te lewer. Hierdie families is bemoedig, deur die gebede, teksverse, kaartjies, bedsokkies, handskoene, gehekelde kruisies, inkleurboeke en ander speelgoed wat hulle ontvang het. Hulle is die meeste bemoedig deur die wete dat ons so baie mense verteenwoordig wat vir hulle bid en van hulle weet. Ons gebed is dat julle oorvloed sal beleef en "genoeg sal kry as julle dors is", as gevolg van julle vrygewigheid en medelye.

There4-Bedieninge het ook kospakkies geborg vir 34 Christen-families wat onlangs na hulle huise in die Mosoelstreek in Irak teruggekeer het. Ons vennote het hulle besoek en terugvoer gegee re die Christene se dankbaarheid vir julle liefdevolle sorg wat weerspieël is deur die wonderlike voorsiening van kos. Wat vir ons soms klein lyk, bring vir hulle groot hoop en vreugde

1. Ons gee vir Irakese Christen- en Siriese Moslem-vlugtelingskinders in Jordanië die geskenke wat julle geborg het
2. Ons bemoedig Christene in Bethlehem en geniet 'n kreatiewe werkswinkel met hulle. Die gestremde kinders word deur *House of Hope versorg. Die meeste van hulle was Moslems en 'n pastoor het hulle aan bome en in hokke vasgeketting gevind. Hulle volg nou vir Jesus en is evangeliste wat die Goeie Nuus met hulle gesinne deel*
3. *Ons bemoedig 'n geheime gelowige vanuit 'n Moselmagtergrond. Haar man sal haar om die lewe bring as hy sou uitvind dat sy vir Jesus volg*
4. *Ons deel Sy liefde met Siriese Moslemvlugtelinge in Jordanië en maak saam met hulle krale. Lizette het ook mediese raad bedien aan diegene met kwale*
5. *Huisbesoeke aan Siriese vlugtelinggesinne wat in Jordanië woon. Ons het kospakkies, kaartjies van bemoediging, sagte speelgoed, inkleurboeke, springtoue, balle en meeste van al, Sy liefde op hulle gaan uitgiet en vir hulle in die Naam van Jesus Christus gebid*
6. *Ons geniet samesyn met Irakese Christen-vlugtelinge in Jordanië. Ons kon hul harte hoor, saam met hulle krale maak en hulle seën met julle geskenke*
7. *Die skoolhoof van die Irakese Christenskool in Jordanië, dra een van ons vele mussies*

Liewe Broers en Susters

2 Timoteus 1:8: "*Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om Sy ontwil gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberinge vir die Evangelie met die krag wat God jou gee. " (1983-Vertaling)*

Hierdie is 'n vers wat 'n pastoor in Sentraal-Asië met een van ons vriende gedeel het, oor hoe hulle lyding en vervolging in hulle land beskou." Ons verwelkom lyding, nie dat ons daarvoor soek nie, maar ons verstaan dat lyding normaal is in 'n Christen se lewe."

*Pastoor *Amos vra vir ons as deel van die liggaam van Christus om saam met hulle te bid dat Christene wat in vervolging lewe na lyding op 'n Bybelse manier sal kyk. Dat hulle daaraan herinner sal word dat ons op 'n manier, deur lyding, met Jesus kan identifiseer en 'n meer gesuiwerde getuie kan wees.*

Dankie dat julle saam met hulle bid. Gebed verander hulle lewenswyse. Net om te weet dat hulle nie alleen en vergete is nie, bemoedig hulle geweldig. Hulle voel verkwik en gereed om spreekwoordelik nog 'n 1000 kilometer vol te hou.

Saam in Sy diens
JanineC, Direkteur

As jy saam met ons wil bid vir die moeilikste lande ter wêreld om as 'n gelowige te lewe, skakel in op Kingfisher FM by www.kingfisher.streema.com Maandae vanaf 15:15-16:00.

VISITASIE

Liewe gemeente.

Visitasie vind DV Woensdag 25 Julie 2018 by ons plaas. Almal wat die visitatore wil spreek moet asb. met Fritz Haasbroek kontak maak om afsprake met die visitatore te maak. - Hierdie afsprake vind gewoonlik plaas op die dag van visitasie. Fritz Haasbroek se kontaknommer is 083 478 9869

Wat beteken die woord visitasie?

- Visitasie kom van die Latynse woord "visito" wat beteken: "dikwels sien", "besoek" (vergelyk die Engelse woord "visit"). • Soos lidmate huisbesoek ontvang, ontvang die gemeente nou "huisbesoek".

Doel van visitasie

- Die doel van visitasie is, breed gestel, dat kerke in Klassisverband op mekaar sal ag gee en mekaar sal bystaan sodat hulle, deur getroue ampsbediening, steeds meer sal beantwoord aan die merktekens van die ware kerk volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Wie is die visitatore?

- Visitatore is niks anders nie as deputate van die Klassis met 'n spesifieke (breë) opdrag.
- Artikel 44 van die Kerkorde lees: "Die Klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem".

Afkondiging van visitasie

- Afkondiging van visitasie moet herhaaldelik en duidelik aan die gemeente afgekondig word. • Die doel hiervan hiervan is sodat nie slegs die kerkraad nie, maar ook die lidmate op hoogte kan kom van die komende visitasie en kan op grond van hierdie afkondigings betyds reëlings in hierdie verband met die kerkraad tref.

Wat gebeur tydens die visitasie?

Die spesifieke opdrag word breedweg in KO art 44 aan visitatore gegee:

• Vasstel of ampsdraers hul ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die kerkorde kerkorde in alles onderhou onderhou en die stigting stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder;

• nalatiges betyds broederlik vermaan ;

• Met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.

Wat gebeur tydens die visitasie?

• Kerke het saam met mekaar (in Sinode) besluit dat die visitatore ook aan die volgende aandag moet gee:

• Kerk se finansies en finansiële state.

• Kerke se ramings en oorbetalings daarvan.

• Verpligte kollektes en die oorbetaling daarvan.

• Dankoffers in en deur die gemeente.

• Versorging van die gemeente se predikant/e & finansiële voorsiening by emeritering. (Handelinge Sinode 2009:274, pt 1.2.19; 344, pt 4.2.4

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 1 Julie 2018 se antwoord: Daniël 5:24

"Daarom is die hand deur Hom gestuur en is hierdie woorde geskrywe. Dit is die woorde wat geskrywe is: "" Getel , geweeg en verdeel"". "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Martie Gibson ; Judy Greyling; Chrissie Pretorius; Elma Jansen

Hierdie week: Soek die Bybelvers 8 Julie 2018

"Hy het Judas die seun van ????? Iskariot bedoel, want hy sou Hom verraai, hy wat een van die twaalf was. "

Lees gerus Johannes en noem Judas se pa se naam en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na **082 873 3173.**

VERJAARSDAE 8 - 14 Julie

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 8/07	Eduard Bakker Marika Smook Gerald Jonas ☺ Katelyn Marius ☺ Wian Smit ☺ AJ Smith ☺	079 732 3255 072 892 1732
Ma 9/07	Frans Muller	082 474 0302
Di 10/07	Crisca Pienaar * Schalk Venter Hannes Kleynhans Jaden Holl ☺	082 879 4485 082 786 4527 083 397 3640
Wo 11/07	Cobus Haasbroek Renier Ras	084 309 1734 072 309 2870
Do 12/07	Rita Hall ** Corne Ebersöhn Gideon van der Merwe	072 272 6040 076 366 6656 082 821 6816
Vr 13/07	Armand Hoogenboezem Ilonka Markram LeRoux Stroebel Marius Yssel	079 542 9262 083 717 1593 084 019 9103 082 886 3516
Sat 14/07	Tinka van der Walt * Hanlie Buys Lalanie Cronje Stephan Jansen ☺	 072 200 1155 083 294 5016

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

Mag God jou lewe met Sy teenwoordigheid oorspoel.

KOLLEKTES

Kollektes van 1 Julie 2018

Diens van Barmhartigheid : R 6527
Teologiese skool Potch : R 1261

Vandag se kollektes :

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

Volgende week: Ekumenisiteit - jeug

SOUND of MUSICals musiekopvoering

Noteworthy Events bied op Saterdag, **8 September 2018** om **15:00** die middag 'n konsert by die NG Kerk Dalpark aan genaamd The Sound of MusiCALS.

Dis 'n heerlike saamsing-konsert met Cantare Jubiloso koor, Charlotte Kilian, Burgerd Botha, Loriska Bubb en Douwe Bijkersma as soliste en 'n klein ensemble begeleiding. Ons gaan ook vir so 1 of 2 jong opkomende nuwelinge 'n geleentheid op die verhoog gee en dan tree Cantare Jubiloso koor se acapella groep vir die eerste keer op.

Hierdie konsert sluit ook 'n "high tea" in met heerlike koek, koffie en tee.

Kaartjies beloop R130,00 pp en R110,00 vir

pensioenarisse en kinders, te koop by Computicket.

Navrae kan aan Lanie Coetzer op 082 940 9001 gerig word.

WERKSOEKENDES:

Farayi en sy vrou Annie is afkomstig van Zimbabwe en is op soek na werk. Farayi het 'n werkspermit, en is 'n verwer, maar is bereid om enige werk te doen. Sy vrou Annie is op soek na 'n skoonmaakposisie. Hulle is tans woonagtig in Daveyton. Hulle verkies om Engels te praat.
Hulle kan gekontak word op 071 821 2395

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywilligHe finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid

Kerkkas